## VERJAARDAE HIERDIE WEEK



Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

| | |
|---|---|
| 7 Mrt | **Gerhard Willemse,** Reitzstraat 18, ☏ 073 227 4013. Wyk D2 |
| 9 Mrt | **Gert Kruger,** Berts Bricksweg 55, ☏ 018 292 1299. Wyk E3 |
| | **Elizna van Heerden,** Dameskoshuis Dinki 13B, ☏ 083 706 6002. Wyk D2 |
| 10 Mrt | **Gert v d Walt,** Huis Eikelaan S26, ☏ 082 676 3884. **(84 jaar)** Wyk C2 |
| 11 Mrt | **Stienie Niemand,** Harmoniewoonstel 9, ☏ |
| 12 Mrt | **Alta Hugo,** Limerick I nr 4, ☏ 082 493 3744. Wyk B4 |

## VAN ONS DIAKONIE

**KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag:** Onder die erediens vir **Barmhartigheid in die blou sakkies**.

**Vanoggend** by die deure vir die **Teologiese Studentebehuising in rooi sakkies.** Hierdie kollekte is bedoel vir **Hulp aan behoeftige studente.**

**Vanaand: Diens van Barmhartigheid en Kerkkas.**

**Die spesiale kollektes in Maart 2021 gaan vir:**

| | | |
|---|---|---|
| Sondag | 7 Maart | **Teologiese Studentebehuising** |
| Sondag | 14 Maart | Instituut vir Christelike Onderwys |
| Sondag | 21 Maart | Ekumenisiteit buitelands |
| Sondag | 28 Maart | Teologiese Studentekas |

### Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

| | |
|---|---|
| Diakonie: | **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA) |
| Kerkraad: | **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA) |
| Susters: | **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**<br>Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723 |



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 8 Sondag 7 Maart 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Erediens**: 09:30 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste:** Ouderlinge van wyke **A3** en **A5**: **Chris van Ryssen en Koos Roos.**
Diakens: Wyke **A3 Rudy van der Spoel en A5 is vakant.**

## EREDIENSTE **Albei dienste gelei deur prof Callie Coetzee**

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**LITURGIE VIR OGGENDDIENS** 09:30
**OGGEND: Lees:** Efesiërs 3;
**SING:** Psalm 45:1, 9, 12, 13; Skrifberyming 14 (8/1): 1, 2; Psalm 68:2, 15; Skrifberyming 24 (1/1): 1, 3, 4.

**LITURGIE VIR AANDDIENS. Virtueel**
**LEES:** Eksodus 12; Matteus 26.
Heidelberg Kategismus: Sondag 28;
**SING:** Psalm 118: 2; Skrifberyming 22(11/1): 1, 2; Psalm 68:13.

**Kollektes vanoggend:** *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir *Teologiese Studentebehuising* in die rooi sakkies.
**Vanaand:** *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas.*

**Ds Jannes** word vanoggend losgemaak van sy verbintenis met die Gereformeerde Kerk Ventersdorp. Ons bede is dat dit alles geseënd sal verloop en ons dra ook die gemeente van Ventersdorp, wat nou vakant is, aan die Koning van die Kerk se genade op.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

# LIEF EN LEED



Ons maak met leedwese die afsterwe bekend van **Ds Kiepie Jaftha,** emerituspredikant van die Gereformeerde Kerk Heidedal. Mag die Here sy dierbares ryklik vertroos in hierdie tyd van rou.

# DAGBOEK

| Dag | Datum & tyd | | | Plek |
|---|---|---|---|---|
| Ma | 8/03 | Oggend | Pastorale besoeke | Volgens afspraak |
| | | Middag | Pastorale besoeke | Volgens afspraak |
| | | 17:30 | Uitdra van Evangelie-kommissie | Faans & Ina Steyn |
| Di | 9/03 | 11:00 | Predikantebyeenkoms | GK Potch-Bult |
| | | 15:00 | Bybelstudie (o.l.v. Prof. Callie Coetzee) | Huis Eikelaan |
| | | Middag | Huisbesoek | Volgens afspraak |
| | | Aand | Pastorale besoeke | Volgens afspraak |
| Wo | 10/03 | Oggend | Pastorale besoeke | Volgens afspraak |
| | | 14:30 | Katkisasie (Belydenisklas 2021) – Les 28 | Ou Kerkie |
| | | 18:30 | Bybelstudie – Jeug (Daniël 1) | Jeugkamer |
| Do | 11/03 | Oggend | Huisbesoek | Volgens afspraak |
| | | 15:00 | Katkisasie (Belydenisklas 2020) – Sondag 28 | Ou Kerkie |
| | | 18:30 | Bybelstudie (o.l.v. prof. Paul Krüger) | Kerkkantoor |
| Vr | 12/03 | Oggend | Administrasie & Deputatewerk | |

**Katkisasie**

- Opening van die katkisasie vind ná die erediens in die kerksaal plaas.
- As gevolg van ds. Jannes se bevesting DV 14 Maart sal daar op daardie Sondag nié katkisasie wees nie.

**LESROOSTER**

| | Vandag 7 Maart 2021 | Sondag 28 Maart 2021 |
|---|---|---|
| **Lesrooster: Psalmvers** | Les 1<br>Psalm 1:1 | Les 2<br>Psalm 2:1 |
| **Katkisasie toesig** | Ouderling Wyk A3: Graad 0<br>Ouderling A5: Graad 1 & 2 | Ouderling Wyk B3: graad 3 & 4<br>Ouderling Wyk B4: Graad 5 & 6 |



# AFKONDIGINGS

Geagte Broers en Susters

In die lig van die verandering van die Grendel regulasies word ons nou toegelaat om 100 lidmate ipv 50 per erediens in die kerkgebou te ontvang,

- Dus sal daar vanaf Sondag 7 Maart slegs een oggenddiens gehou word en wel om 9:30.
- U sal steeds by Malie moet bespreek indien u die diens wil bywoon.
- Die oggend- en aanddiens sal steeds per Whatsapp uitgesaai word.

Die bevestiging van ds Jannes van Dyk sal DV 14 Maart plaasvind.

- Die bevestiging en erediens begin ook om 9:30 die oggend.
- Lede van die Breë kerkraad word versoek om reeds 8:45 voor die diens bymekaar te kom vir die afhandeling van die bevestigingsformaliteite.
- Vir die doeleindes van die diens sal sitplek vir sowat 50 mense in die saal verskaf word met verdere sitplek op die saal se stoep. ’n Klankvoer sal verskaf word na die saal.

**BYBELSTUDIE**

Ons is dankbaar dat die Bybelstudiebyeenkoms vir die jeug DV **Woensdagaand** kan hervat. Die boek Daniël sal bestudeer word.

---------------

Die Bybelstudiebyeenkoms wat op **Donderdagaande** om 18:30 in die kerkkantoor plaasvind, sal ook weer **eerskomende Donderdag** hervat. Lidmate wat belangstel, is welkom om Donderdag die eerste ontmoeting by te woon.

---------------

**Die Bybelstudie by Huis Eikelaan** o.l.v. prof Callie vind DV weer Dinsdagmiddag om 15:00 in die groot saal plaas.

---------------

**Vergadering: Uitdra van Evangeliekommissie** vergader 8 Maart 2021 om 17:30 aan huis van Faans Steyn, Ockerselaan 11.

**SAKE VIR DIE KONSISTORIE**

**Sitting Klassis Potchefstroom**

Oproep is vanaf die Deputaat Korrespondensie ontvang vir die sitting van Klassis Potchefstroom DV op Dinsdag 16 Maart 2021 om 18:00 by die Gereformeerde Kerk Promosa. Afgevaardigdes vir kredensiebrief moet asb aangewys word.

**Kassiersverslag vir die tydperk 1 Maart 2020 tot 28 Februarie 2021**

| OPSOMMING INKOMSTE EN UITGAWES | WERKLIK | BEGROOT | VERSKIL |
|---|---|---|---|
| Inkomste | 1 954 762.82 | 2 098 871.00 | - 144 108.18 |
| Uitgawes | - 1 383 637.50 | - 2 289 058.00 | 905 420.50 |
| **Surplus** | **571 125.32** | **- 190 187.00** | **761 312.32** |

| | |
|---|---|
| **Banksaldo op 28 Februarie 2021** | **157 714.93** |
| **Geldmark Jeug op 1 Maart 2021** | **126 960.07** |
| **Geldmark GK Potchefstroom op 1 Maart 2021** | **385 430.06** |
| **Glacier Belegging aanvangsbedrag op 12 /02/2015** | **1 200 000.00** |
| Onttrekkings | 205 000.00 |
| **Sluitingsbalans op 31/08/2020** | **1 812 703.50** |

**Opmerkings oor verslag:**

1. Kerklike bydraes ten bedrae van R 124 544.23 minder ontvang as begrote bydraes.
2. Werklike uitgawes R 905 420.50 minder as begroot, aangesien ons nie ŉ predikant gehad het nie tot 31 Desember 2020.

**KERKLIKE TYDSKRIFTE EN JAARPROGRAM**

Die jongste uitgawes van *Die Kerkblad*, *Slingervel*, *Vroueblad* en die 2021 gemeentekalender is beskikbaar in die saal. U kan dit na die erediens daar gaan neem. Ons koster, Pieter Bouwsema sal ook Dinsdag van 10:00 tot 11:00 by die saal beskikbaar wees.

***Job in verhaaltrant*** (40p) deur Gert Kruger



Huis Eikelaan SB 10,tel 082 699 6591, prys R 50.

U kan die boekie by bogenoemde adres koop. Die doel van hierdie boekie is om die boek Job meer toeganklik te maak vir die leser. Dit berus nie op eksegese van die verse nie, maar op ŉ geheeloorsig van Job, ten einde die lyn van die verhaal tussendeur die gesprekke te volg.

**Indien daar in u wyk enige siekte- of ander gevalle is waarvan u bewus is, en wat Sondae afgekondig moet word, kan u dit asb deurgee na** *ds Jannes van Dyk* **072 224 7181 of aan** *Malie Wyma* **072 373 7361 of** kantoor@gkpotchefstroom.co.za



## Gebruikte Bybels en Dagstukkies word versprei

Lidmate wat Bybels besit wat nie meer gebruik word nie of in ŉ gehawende toestand is (uitmekaar val of bladsye wat makeer), kan dit by die kerkkantoor of vir my afgee. Ou Afrikaanse vertalings en selfs Engelse Bybels is ook welkom. Hierdie Bybels word, indien nodig, herstel. Verder kan lidmate wat van ou Almanakke ontslae wil raak dit ook bring. Dit word omvorm in ŉ dunner bundel van dagstukkies alleen. Die Bybels en dagstukkies word dan versprei op plekke waar daar ŉ behoefte hiervoor bestaan.

**Faans Steyn** 018-294-6958

## Omgewingspitkos

Die grootste deel van ons lewe bestaan uit verwagting van iets. Van hulle is so vanselfsprekend dat ons nie eens daaraan dink nie. As dit aand is verwag ons die môre, dan weke, maande, die seisoene, die jare. Sommige verwagtinge is flou en van verbygaande aard. Andere is vurig en laat jare op hul vervulling wag. Daar is wat in vervulling gaan en die lewe kroon met blydskap, terwyl andere harte krenk. So verskillend as onse omgewingsomstandighede is, so verskillend is verwagtinge. Hoe jy dink oor die toekoms bepaal jou optrede vandag. Hoe pas God se goeie skepping in by jou visie oor die toekoms ? Bly dus die Bybelse gegewens oor die toekoms opsoek en oorweeg dit.

## Omgewingspitkos

Toenemende ontsiering van ons grootland se uitgestrekte natuurlike uitsigte is ŉ bekommernis wat al lank erger raak. ŉ Kwaliteit so kosbaar vir ons inwoners en besoekers se natuurervaring. Die verarming daarvan deur mensemaaksels soos kragbelynings en torings kan moeilik in geldelike terme bereken word. Die onge-ergdheid jeens 'n omgewingsindelikheid waarmee dit gepaard gaan hinder. ŉ Verdere ergernis is ŉ drang by sommige mense om ŉ besoek aan ŉ plek met klip of geskrif vir wie ookal blywend aan te kondig. Klipstapels op uitkykstanings verrys soos veldgrafte of boomtreffers word met stamgrafiti ontsier. Getuienis van die respeklose ek. Die klippe sal dit uitroep (Luk 19:40) !